Spoelhout, skulpe word monsters

DIE uitstalling van GIANNI DOVA, TADEUSZ JAROSZYNSKI en SEBASTIAN MATTA se litografiese werk, etse, tekeninge en skilderye in die Lidchi Kunslokaal is goed.

Dova en Matta is twee bekende Italianers en Jaroszynski een van ons voorste jong Suid-Afrikaanse skilders. Omdat al drie hul inspirasie uit die spanning, vibrasies en nuwe ruimtedimensies van ons huidige tydsgewrig put, hang hul werke mooi saam.

Die twee Italianers word nie deurgaans deur hul beste werke verteenwoordig nie, met die gevolg dat Jaroszynski die sterkste indruk maak, veral die wyse waarop hy sy bekende, ekspressiewe, surrealistiese siening uitbou tot 'n nuwe en wyer metafisiese wêreld. 'n Betekenisvolle ontwikkeling dus.

Jaroszynski verwerk organiese voorwerpe wat aan spoelhout of seeskulpe herinner tot humoristiese of sinistêre klein monsterwesens. Hierdie krioelende voorwerpe word dan deur 'n sterk onderliggende, meer meganies afgebakende tafelbladvorm saamgevat tot 'n stillewe of 'n ondersese landskap.

Dit alles word dan in 'n wye blou of groen landskap geplaas om as't ware 'n nuwe wêreld, 'n volgende dimensie, te suggereer.

Beweging

Dova rangskik plat, ligte geabstraheerde vlakke swewend en gewigloos op 'n donker agtergrond. Sy werk toon volop beweging, maar is geneig om meer dekoratief as betekenisvol te wees.

Matta konsentreer op vereenvoudigde, rysmieragtige mensewesens wat oor die prentvlak beweeg. Soms is hulle humoristies in skynoorloë betrokke en dan weer uiters eroties inmekaar verstrengel. Beslis 'n goeie steek na 'n hedendaagse lewenswyse.

Nico van Rensburg

Kuns en Vermaak

Onder redaksie van Phillippa Breytenbach